# VOORTREKKER-MONUMENT NIE IN 1938 ONTHUL NIE

## HOEKSTEEN DAN GELÊ

## Plan Van Mnr. G. Moerdyk Te Volg

(Van ons Volksraadsverslaggewer).

**KAAPSTAD, Woensdag.—Aansienlike vordering is reeds gemaak deur die Sentrale Volksmonumentekomitee in verband met die oprigting van die Voortrekkoersmonument. Nou is uitgemaak dat die gedenkteken nie by geleentheid van die Eeufeesviering in 1938 onthul sal kan word nie, omdat dit dan nog nie voltooi sal wees nie. By dié geleentheid sal die hoeksteen egter gelê word.**



MNR. G. MOERDYK.

Die Komitee het ook nog nie finaal besluit oor die vorm wat die gedenkteken sal aanneem en oor waar dit te staan sal kom nie.

Dit staan egter nou so goed as vas dat die monument in hooftrekke 'n ontwerp sal volg wat ingedien is deur die welbekende Pretoriase boumeester Gerard Moerdyk. Hy het oorspronklik 'n ontwerp in sketsmatige vorm ingedien wat 'n Egiptiese motief gevolg het. Nou het hy egter 'n tweede voorgelê wat in die breë gebaseer is op die mousoleum van Halikarnassis. Na alle waarskynlikheid sal dié ontwerp van mnr. Moerdyk gevolg word. Die sentrale punt daarvan sal, na verwag word, die gebeente wees van Piet Retief en sy makkers wat in die gedenkteken begrawe sal lê.

Speaker E. G. Jansen, wat voorsitter van die Sentrale Komitee is, het gisteraand na Pretoria afgereis en sal eersdaags 'n amptelike mededeling oor die afgelope vergadering doen.